NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 3 NOVEMBER 2024

VIER EN TWINTIGSTE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Ds Danie Murray met sy uitreik na Mosambiek

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Markus 12:38-44; Rut 3:1-5;
Psalm 127; Hebreërs 9:24-28

	SONDAG, 3 NOVEMBER
09:00	Oggenddiens – Ds Chris Barnardo Kleuterkerk en Kinderkerk DOOP Deuroffer ten bate van: Alta du Toit Nasorg Erediensspan 2 – Elsa Welman
	• **Senior Kategese na afloop van die oggenddiens**
GEEN	**Gemeentetee**
16:00	VGK Sarepta koorfees. Kaartjies ook by deure beskikbaar
	MAANDAG, 4 NOVEMBER
18:00	Kooroefening
19:00	Sportmanne Bybelstudie
19:00	Vroue Bybelstudie
	DINSDAG, 5 NOVEMBER
09:30	Senior Burger Bybelstudie
	WOENSDAG, 6 NOVEMBER
09:30	Vroue Bybelstudie
09:30	Othello Biduur
	Kommissie verslae inhandig by kerkkantoor

DONDERDAG, 7 NOVEMBER
09:30 Dienssentrum vir Seniors: Moedergemeente kerksaal Sopbeurte: Rosa Brand, Marita Pienaar, Hannelie Viljoen, Sarie Terblanche, Wilma Steer, René Arendse, Joline Steyn
VRYDAG, 8 NOVEMBER
09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer
SATERDAG, 9 NOVEMBER
SONDAG, 10 NOVEMBER
VYF EN TWINTIGSTE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD 09:00 Oggenddiens Kleuterkerk en Kinderkerk Belydenisaflegging Deuroffer ten bate van: Studente-Bearbeiding Erediensspan 3 – Neels Kruger • **Senior Kategese na afloop van die oggenddiens** • **Gemeentetee na afloop van die oggenddiens**

GEMEENTENUUS

1. Die volgende babatjies word vanoggend gedoop:
   Johané Houghton-Hawksley, dogtertjie van Sean en Roeline Houghton-Hawksley.
   Taylor Freeborough, dogtertjie van Kyle en Anine Freeborough.
2. Die volgende lidmaatskappe is ontvang:
   Stephen, Suzelle, Stephne en Christine Bam vanaf Kuilsrivier
3. Pieter en Isobel Gresse (Waboomstraat) het ‘n kleinkind ryker geword.
4. Ons wens die volgende kinders en hul ouers baie geluk met hul verkiesing tot die Raad van Leerders by Laerskool Mikro:
   - Janco Burger
   - Jovan de Bod
   - Mia Erasmus
   - MJ Erasmus
   - Janré Nieuwoudt (Hoofseun)

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

3/11 Sandra du Toit, Danny Heyns(85), Elize Steenkamp(87)
4/11 René West, Mariana Bosman(85)
5/11 Louis Roos, Alta la Grange, Erna Carstens, Marlize Neethling, Sorina Greeff, Marlene Kotze
6/11 Renier Hagen, Carli Visser, RP De Beer, Mari Crafford
7/11 Mattie van Geems(85), Kitty de Klerk(84), Herman Hugo, Ronel le Grange, Luca Truter
8/11 Janeke Kleinhans, Jan van der Merwe, Zita Erasmus, Alida Burger Petro van den Heever, Marietjie Basson, Suzelle Bam

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Die volgende kerkraadsvergadering vind plaas op Woensdag 13 November 2024 om 19:00. Verslae vir hierdie vergadering moet by die kerkkantoor ingehandig word teen 6 November 2024.

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

Alta du Toit Nasorgsentrum (Bellville)

Die **Alta du Toit Nasorgsentrum (AdTN) in Bellville** maak voorsiening vir volwassenes (18 jaar en ouer) wat intellektueel gestremd is. Inwoners en dagbesoekers se vaardighede word optimaal ontwikkel met die hulp van professionele versorgings- en ontwikkelingsprogramme. Die programme word bestuur deur 'n multidissiplinêre span, wat persoonlike versorgers, verpleegpersoneel, fasiliteerders in die werksareas, arbeidsterapeute, asook maatskaplike werk dienste insluit. Ons toegewyde beheerraad, personeel en vennote sorg dat AdTN vir inwoners en dagbesoekers 'n veilige tuiste is om in te woon en te werk. Met die nodige liefde en vakkundige ondersteuning word verseker dat ons kliënte holisties ontwikkel word, deur om te sien na hul fisiese, sosiale, emosionele en geestelike behoeftes. Alta du Toit Nasorgsentrum huisves 174 inwoners in vier koshuise en ontvang ook op weeksdae 32 dagsorg-kliënte in die werk- en terapeutiese areas. Ons glo daarin om Voluit te Leef en ongeag intellektuele vermoëns 'n gemeenskap te skep waar elke persoon sy volle menswees met passie kan uitleef. Ons inwoners bly by die Sentrum tot hul afsterwe en toenemende versorgingsbehoeftes vereis langtermyn finansiële ondersteuning. Die staat en families kan nie altyd voldoende finansiële verligting verseker nie. Dankie vir Gemeentes se aktiewe betrokkenheid en finansiële ondersteuning wat op 'n betekenisvolle wyse waarde toevoeg tot die lewe van 'n ander. Volg ons op sosiale media en kontak ons om betrokke te raak.

Anna-Louise Olivier | 021 913 2106 | bestuurder@altadutoit.org.za
Webwerf: http://altadutoit.org.za

Facebook: https://www.facebook.com/Altasorg

AFSKEIDSBOODSKAPPE AAN DS. HANNES EN ADRI

Ons nooi elke gemeentelid van De Eike uit om afskeidsboodskappe vir die Burger-egpaar te skryf. Julle kan dit in die kartonbokse gooi wat by die drie ingangsdeure geplaas is. Die boodskappies, kaartjies en briefies sal op Sondag 1 Desember 2024, tydens ds.Hannes en Adri se afskeid, aan hulle oorhandig word.

Julle het kans tot Sondag 24 November 2024, daarna sal die bokse verwyder word.

Kom ons gebruik hierdie geleentheid om woorde van dank, waardering, liefde en afskeid aan ds. Hannes en Adri te rig.

KOSMANDJIE

Oor twee maande is dit Kersfees,'n feestelike tyd vir ons almal, of hoe?
Desember se kospakkies sal al die gebruiklike items bevat, maar hier's jou kans om iemand anders ook 'n bietjie te bederf en bly te maak!

Spenslys: koffie /tee /melk / suiker
mieliemeel /kitsmeel /hawermout / graankos
rys / bruis- of koekmeel en bakpoeier
blikkies - tamatie / tuna / groente soos mielies, ertjies of groenbone

Bederflys: koekies / soutbeskuitjies / aartappelskyfies (chips)
lekkers / koeldrankstroop / vrugtesap
kondensmelk / *ideal* melk / vla
jellie / blikkies vrugte



Hierdie lysies bly geldig tot einde Novembermaand.
Dankie vir jou wonderlike vrygewigheid dwarsdeur die jaar!

Mandjie-groete

AKSIE SAMARITAAN
KERSFEES KOSKOUS PROJEK

Die volgende versoek is ontvang vanaf Aksie Samaritaan.

Help ons om Kersfees vir die haweloses ook spesiaal te maak deur ‘n koskous geskenkpak te borg teen R250 per pak of ‘n enkele koskous teen R50 per kous. Ons wil graag 120 geskenkpakke uitdeel.

Ons benodig ook borge vir geskenkies en partytjie pakkies vir 30 kinders teen R250 per kind.

As jy op enige manier kan help, kontak Jakkie by 082 453 3862.

Kontantbydraes kan ook in die bankrekening inbetaal word met die verwysing KERSFEES. Koskouse moet bestel word teen 15 November 2024 om betyds te wees vir die afsluiting op 16 Desember 2024. Dankie vir jou bereidwilligheid. Mag God jou ryklik seën.

Let daarop dat Aksie Samaritaan se bankbesonderhede verander het van ABSA na CAPITEC BUSINESS BANK. Rekeningnommer 105 233 1530 takkode 450105.

Gaan kyk gerus op www.foodsock.co.za wat ‘n koskous is.

VRYDAG GEBEDSGROEP

Almal word genooi om deel te wees van die gebedsbediening op ‘n Vrydagoggend om 09:00 by De Eike.

Hulle doen voorbidding vir al die fasette van die gemeente.

DANKOFFERINSAMELING

Baie dankie aan almal wat reeds hul Tiendemaanddankoffer bydrae gegee het.

Die bedrag van R221 396 is ontvang. Ons doelwit vir vanjaar is R375 000.

Bydraes kan steeds enige Sondag in die mandjies geplaas word of per EFT of Snapscan betaal word.

WYNVEILING

Weereens baie dankie aan almal wat bygedra het tot die sukses van ons wynveiling.

Die netto opbrengs is R289 722.76 teenoor verlede jaar se R240 184.86.

ALLEEN OP KERSDAG

Is jy Kersdag alleen?

Moenie bekommer nie, kom neem jou plek in aan Jesus se kerstafel.

Kontak Jakkie by 0824533862 of Lorraine by 0848052403 om jou plek te bespreek en die dag saam met jou broers en susters is Jesus deur te bring.

Sluitingsdatum vir registrasie is 15 November 2024.

KERKWEES 200-VIERINGE

Die moderatuur van die Sinode van Wes-Kaapland wil elke persoon, mede-gelowige, predikant, gemeentelid en ekumeniese vennoot uitnooi na ons Kerkwees 200 feesdiens in die suide van die land, waar ons 200 jaar van genade en geloof herdenk.

Die feesdiens vind op Sondag 3 November om 15:00 in Groote Kerk, Kaapstad plaas. Die diens word gelei deur ds. Jan Lubbe, voorsitter van die Algemene Sinode Moderamen.

In die leuse van die Kerkwees 200-vieringe: “Laat ons dit saam herdenk; laat dit ons hervorm tot nuwe lewe; en laat ons saam hieruit hoop put.”

BOONTJIESAKKIES

Gesoek! 400 Boontjiesakkies vir Little Seeds se opleiding van tuismoeders!

Little Seeds Eenheid vir Vroeë Kind Ontwikkeling is op soek na vrywilliges wat betrokke wil raak by die maak en stik van vierhonderd 10 cm by 10 cm sakkies, wat gebruik kan word as boontjiesakkies. Die sakkies vorm deel van die opleiding wat Little Seeds Eenheid aan voornemende tuismoeders gee. Die tuismoeder-program speel ‘n baie belangrike rol om vir kinders toegang te skep tot leergeleenthede en ontwikkeling, veral in gemeenskappe wat gebuk gaan onder armoede.

LIGGIEBOOM

Jan Krielskool

Saterdag 23 November vanaf 17:30

Koste:
Volw R120 & Skoliere R50 (Jy ontvang jou eie LED-liggie om saam huis toe te neem)
Kaartjies kan vooraf aanlyn verkry word of op die dag by die hek.
Hekke en kosstalletjies open 17:30 en die program begin om 19:00.

Die Jan Kriel Instituut bied jaarliks 'n Liggieboom-geleentheid ten bate van die leerders van Jan Krielskool aan. Sluit Saterdag aan vir 'n familie-vriendelike aand met optredes deur beide leerders en Jay du Plessis en 'n dankseggingsdiens om die jaar af te sluit. Die hoogtepunt van die aand is die aanskakel van die Liggieboom - met amper 10 000 liggies - elkeen geborg deur ’n vriend van Jan Kriel. Kom kuier saam en maak 'n verskil. Meer besonderhede aanlyn of skakel (021) 903 0434.

SENIOR KATEGESE

Ons benodig ‘n klasleier vir 2025 vir graad 7.

Ons klasse is Sondae oggende na die Erediens.

Ons klasleiers word toegerus met reeds uitgewerkte lesse in ‘n handleiding en op ‘n geheue stokkie met die les in video formaat, dus hoef ons klasleiers geen lesse uit te dink of te werk nie. Al wat jy nodig het is jou eie skootrekenaar.

Kontak my gerus vir enige verdere inligting.

Elmarie Scholtz – 0828225265
Senior Kategese Koördineerder

PREEKSKETS

TEMA – GOD IN ONS HARTE EN IN ONS HUISE.

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Deutr. 6: 4-9

1. Inleiding. Dit is ouers se verantwoordelikheid om hulle kinders groot te maak en om hulle in die weë van die Here te onderrig. Hierdie roeping kan nooit uitgekontrakteer word aan die kerk of die skool nie. God wil hê elke ouer moet ‘n gelowige wees; dus dat elke ouer in ‘n persoonlike verhouding met Jesus Christus sal staan. Dan kan God, deur die ouer, die gesin seën en die kinders tot redding bring en in ‘n verhouding met God laat staan. Daarom gaan ons vanoggend die vraag vra: Is God se Woord in jou hart?

2. Dra God se Woord in jou hart. Ons Skriflesing sê nie net dat ons God se Woord moet lees of memoriseer nie, maar dat ons dit op die hart moet dra. In die 1933 vertaling klink dit so: ..dit moet in ons harte wees. Dit beteken dat ons verhouding met God diep en persoonlik moet wees. Die Here is ons God, die Here ALLEEN moet ons getuienis wees en wanneer God sigbaar in jou lewe is sal God sigbaar wees in jou huis.

3. Dra God se Woord oor in jou huis. Deuteronomium 6:7 vervolg met die opdrag om God se Woord aan ons kinders oor te dra. Dit gaan verder as net kategese of kerkbywoning – dit moet deel wees van ons alledaagse gesprekke.

4. Begin van vroeg af bou aan jou kinders se geloofsfondasie. As God se Woord in ons harte is, sal dit natuurlik ook in ons huise wees. Dit sal ons gesinslewe beïnvloed, van die manier waarop ons met mekaar kommunikeer tot hoe ons uitdagings hanteer. Gesinne wat saam bid en Bybel lees, versterk hul geestelike band en bou 'n fondament wat hulle deur moeilike tye sal dra.

5. Slot. Wanneer ons as gesinne saam groei in ons geloof, bou ons ’n Godgesentreerde huis waar liefde, genade en gehoorsaamheid aan God die kern is. Mag ek vanoggend by die doopouers pleit. Begin om geloofgewoontes aan te kweek. Ontdek saam met hierdie baba van julle die allesoorheersende liefde van die Here.